# Hoofstuk van die dag: Jesaja 54

*Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar my liefde vir jou sal nooit verdwyn nie, my vredeverbond met jou sal nooit*

*wankel nie, sê die Here, wat jou liefhet. (vers 10)*

Dis aaklig om te leef in die vrees dat jou sekerhede onder jou uitgeruk kan word. Dan bly die angs net so onder die oppervlak, en jy kyk gedurig rond om te sien uit watter oord jou ondergang sal kom.

Dís nie hoe ons oor God hoef te dink nie. Sy liefde vir ons is rotsvas. Trouens, sy liefde sal vooruitgang bring, sê Hy vir sy volk. "Maak groter die plek vir jou tent … want jy sal na alle kante toe uitbrei," verseker Hy hulle (vers 2-3).

As ons aan die Jode se situasie destyds dink, was dit inderdaad 'n groot belofte. Hulle was immers op die randjie van uitwissing. Hulle noordelike broers, die Israeliete, hét verdwyn, en self was hulle in ballingskap, onbenullig en weerloos. Maar waar God beloof, is daar altyd hoop.

Ons weet dat God se volk sedert daardie belofte na alle kante toe uitgebrei het, die hele aardbol vol, sodat ek en jy óók deel van sy mense kan wees.

So skep moed! Deur Gods genade sal ons standhou en kan ons vorentoe kyk.


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026